sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

---

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

5. **Beplanning**

   5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n opstel of paragraaf te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.

   5.2 Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

**BEPLANNING**



(linkerkantse bladsy)

**VRAAG**



(regterkantse bladsy)

IEB Copyright © 2022

***ASEM*** – Jan Vermeulen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Asem*.

## VRAAG 1 BARRIES SE LEWE IN JOHANNESBURG

1.1

> Hy droom gereeld oor die dag wanneer hy gaan wraak neem.

[Flapomslag]

1.1.1 Waarom wil Barries wraak op Paul neem? Noem twee belangrike redes. (2)

1.1.2 Hoe wil Barries wraak op Paul Barnard neem? (1)

1.1.3 Hoe weet Vera dat Paul verander het? (1)

1.2

> "Ek gaan uit vanaand. Hier is vir julle pizzageld." 'n Paar blou note beland in Barries se hand.
>
> "Nee, Ma! Ons gaan klub toe."

[bl. 8]

1.2.1 Watter spesiale geleentheid wou Barries en sy vriende aan die begin van die verhaal gaan vier? (1)

1.2.2 (a) Waarom het Barries nie self bestuur die aand toe hulle uitgegaan het nie? (1)

(b) Met wie se kar het hulle toe uitgegaan? (1)

1.2.3 Noem een van die klubs waar die vriende gaan partytjie hou het. (1)

1.2.4 Noem een dwelm wat hulle gedurende die aand gebruik het. (1)

1.2.5 Wie is beseer in die ongeluk wat op pad huis toe gebeur het? (1)

1.3

> Die verpleegster maak die saaldeur oop en nooi 'n groot swart man in 'n swart pak klere, blou hemp en rooi das binne. 'n Jong wit vrou in polisie-uniform vergesel hom.
>
> Met die intrapslag haak die man die boeie van sy gordel los.

[bl. 30]

1.3.1 Waarom is Barries in die hospitaal opgeneem? (1)

1.3.2 Waarom wil die polisie vir Barries in hegtenis neem? (1)

1.3.3 Wat was die hoofvoorwaarde waarom Barries nie in die tronk gegooi is nie? (1)

1.3.4 Wat in Kaptein Mfeka se lewe motiveer hom om Barries te help? (1)

1.3.5 Hoe maak Kaptein Mfeka seker dat Barries nie van die bus afklim voor hulle in Humansdorp aankom nie? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 'N NUWE BEGIN OP SEEPLAAS

2.1

> Die Buggy se enjin hoes skielik en vrek op die plek. Stef knoop. "Nou sal jy moet stoot. Uit is jy."
>
> Hy klim uit, maar val amper, so kramp sy knieë en kuite. Hy leun met sy skouer teen die Buggy se agterstewe, ver genoeg van die krakende oorverhitte enjin. Hy beur, skop vas en stoot. Die Buggy roer skaars.

[bl. 70]

2.1.1 Waarom het Paul die eerste keer nie self vir Barries op Humansdorp gaan haal nie? (1)

2.1.2 Waarom was Stef nie gelukkig oor Barries se besoek aan Paul nie? (1)

2.1.3 Paul het in Stef-hulle se huis grootgeword.

(a) Waarom het Paul daar gebly? (1)

(b) Hoe het Paul sy verhouding met Stef beskryf? (1)

2.1.4 Waar het Paul die geld gekry om Seeplaas te koop? (1)

2.1.5 Watter kuns-verwante goed doen Paul op Seeplaas? Noem een. (1)

2.2

> Barries moet konsentreer om die klipgebou met die grasdak tussen die rotsfor-masies en die groen bosse raak te sien. Sy maag kramp ekstra diep.

[bl. 70]

2.2.1 Hoe probeer Paul sy huis verbeter nadat Barries so siek was? (1)

2.2.2 Hoe sou Barries graag Seeplaas wou verbeter om nie met die Lister te sukkel nie? (1)

IEB Copyright © 2022

2.3

> Barries verskuif sy voete en sien nou eers die bont sarong en fyn meisiesandale.
>
> "Dit is Olga s'n, …."

[bl. 67]

Skryf 'n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor hoe Olga op drie geleenthede Barries probeer verlei het.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Waar het Stef en Olga ontmoet? (1)
- Waarom was Stef so jaloers op Olga? (1)
- Waarom, dink jy, mag Barries nie na Olga kyk soos wat hy na die sersantjie gekyk het nie? (1)
- Op Kersoggend gaan Barries na Stef se huis. Wat gebeur dat Olga nie vir Barries sy Kersgeskenk kan gee nie? (1)
- Wie keer Stef dat hy nie slaag om sy dreigement teenoor Barries uit te voer nie? (1)
- Waarom het Olga die aand in die woonstel in Houghton nie daarin geslaag om Barries te verlei nie? Verwys na twee redes. (2)

**[15]**

## VRAAG 3 DIALOOG

| |
|---|
| Hy lyk jonger met sy blinkgeskeerde kop. Nico Malan Hoër duld nie dreadlocks nie, maar die skool- en koshuislewe het hom die laaste paar maande goed gedoen. |

[bl. 256]

'n Week voor die herfsvakansie sit Barries en Fillie in die koshuiskamer en gesels na 'n oproep van Eunicé.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Barries en Fillie.** Skryf SLEGS die **vraagnommer en Barries se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Fillie: Eunicé bel jou baie gereeld. Wanneer sien jy haar weer?

Barries: … (1)

3.2 Fillie: Waarom gaan jy en jou vorige meisie wat in Johannesburg bly nie meer uit nie?

Barries: … (1)

3.3 Fillie: Sjoe! Het jy nie met haar ma oor die weg gekom nie?

Barries: Nee, sy het my … (1)

3.4 Fillie: En jou twee vriende, die De Kock-broers? Waarom het julle nie meer kontak nie? (Noem twee redes.)

Barries: … (2)

3.5 Fillie: Dit klink nie of hulle regtig jou vriende was nie.

Jy het darem vrede gemaak met Suster Kapoor. Wat het Suster Kapoor vir jou gesê om jouself beter te laat voel?

Barries: Sy het gesê dat … (1)

3.6 Fillie: Waarom het Eunicé haar hond Bart genoem?

Barries: Eunicé het hom Bart genoem omdat… (1)

3.7 Fillie: O, nou verstaan ek. Maar hoekom het jy hom Jona genoem?

Barries: … (1)

IEB Copyright © 2022

3.8 Fillie: Ek kan ook nog nie glo jy het in die stormsee ingegaan om Jona te red nie. Het jou pa en ma nog nooit vir jou 'n hond of enige ander troeteldier gekoop nie?

Barries: Nee, Paul het … en Vera kon nie in die woonstel 'n hond aanhou nie, maar sy het ... om daarvoor te vergoed. (2)

3.9 Fillie: Waarom wou jy nie toelaat dat ek Jona wegsteek toe dr. Jassie du Toit hom kom haal het nie?

Barries: … (1)

3.10 Fillie: Waarom was die blou teddie, waarmee Jona huis toe is, vir jou so belangrik?

Barries: … (1)

3.11 Fillie: Is dit waar dat dr. Jassie jou geld aangebied het omdat jy so mooi na Jona gekyk het? Waarom het jy nie die geld gevat nie?

Barries: … (1)

3.12 Fillie: Dit is seker maar beter dat jy die tjek opgeskeur het. Paul het iets gesê van dr. Jassie wat julle met jou ma help. Hoe het dr. Jassie julle met jou ma gehelp?

Barries: Dr. Jassie het ons gehelp om … (1)

3.13 Fillie: Ek is so bly daaroor. Wat sou jy gedoen het as dr. Jassie jou nie gehelp het nie?

Barries: … (1)

Fillie: Ek moet seker ook vir dr. Jassie dankie sê omdat ons nou saam kan skoolgaan.

**[15]**

## VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL

**TEMA: Barries se verhouding met Paul Barnard**

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **Barries se verhouding met Paul Barnard**.

- Jou opstel moet 'n **inleiding en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asb. om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

---

**1. Inleiding**

---

**2. Barries as baba**

- Hoe het Vera swanger geraak? (1)
- Hoekom was Paul so verras oor die swangerskap? (1)
- Waarmee het Paul gehelp toe Barries 'n baba was? (1)
- Wanneer het Paul uitgevind dat Barries nie sy kind is nie? (1)
- Hoe het Paul verander nadat hy die nuus gekry het? (1)
- Wat het Vera probeer doen om Barries te beskerm? (1)
- Wat het Paul gedoen om Barries se biologiese pa op te spoor? (1)
- Waar het Paul Barries se biologiese pa raakgeloop en wat het Paul die aand aan hom gedoen? (2)
- Hoeveel jaar was Paul in die tronk? (1)

---

IEB Copyright © 2022

## 3. Barries as tiener

- Wat het Barries elke jaar gedoen wat vir ons daarop dui dat hy nie vir Paul vergeet het nie? (1)
- Hoe weet ons dat Paul ook nie van Barries vergeet het nie? Noem twee dinge. (2)
- Waaroor het Floris vir Barries gewaarsku oor die gif? (1)
- Barries sou dit geniet het om 'n pa te hê. Wat sou Paul en Barries saam kon doen indien Paul nie weggegaan het nie? (1)

## 4. Barries nadat hy op Seeplaas aangekom het

- Op watter manier het Paul vir Barries gehelp toe hy siek op Seeplaas aangekom het? (1)
- Waarmee het Paul nog vir Barries gehelp die aand wat hy byna verdrink het? Noem twee goed. (2)
- Om watter rede het Paul nadat hy vir Barries 'n buskaartjie gekoop het, ook met sy bakkie Johannesburg toe gery? (1)
- Watter bewys is daar dat Barries en Paul aan die einde van die verhaal 'n beter verhouding het? (1)

## 5. Slot

**Assessering:** 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

**[25]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
   - interpretasie van die opdrag;
   - inhoud en idees;
   - register en toon; asook
   - taalgebruik.

5. **Beplanning**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.

   5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5 TOESPRAAK



[Bron: <www. https://www.indivstock.com/photo/605378.html>]

**Situasie:**

Die jaar 2022 was uitdagend, maar ongelooflik! Jy het so baie ervaar, en geleer. Die hoof het jou gevra om tydens 'n saalbyeenkoms die Graad 8 tot 11-leerlinge te inspireer om hulle doelwitte na te jaag. Skryf 'n toespraak wat jy tydens die eerste saalbyeenkoms wil lewer.

**Opdrag:**

Skryf 'n toespraak van tussen 150 en 220 woorde waarin jy hulle:

- **aanmoedig** om doelwitte te stel;
- **waarsku** oor wat om in uitdagende situasies te doen; en
- **motiveer** hulle om hulle doelwitte wat bereik is, te vier.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande aspekte indeel.
- Jou toespraak moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou toespraak moet **tussen 150–220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde (getal) onderaan jou toespraak neer.**

**[20]**

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 6 E-POS**



[Bron: <www. sonhandoemviajar.com>]

**Situasie:**

Hierdie eksamen is jou laaste eksamen. Jy is baie lus vir 'n besonderse vakansie. Jy wil graag die begin van 2023 saam met ander jongmense gaan toer. Skryf 'n e-pos aan 'n reisagentskap (bv. Contiki Tours; Ultimate Break of Intrepid).

**Opdrag:**

Skryf 'n kort e-pos van 60–100 woorde waarin jy die reisagentskap …

- vertel **waarheen** jy wil gaan;
- min of meer sê **wanneer** jy wil gaan; en
- vra **hoeveel** die vakansie gaan kos.

**Instruksies:**

Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60–100 woorde** lank wees.

- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

Aan: ______________________________________________

Onderwerp: ________________________________________

==================================================

Geagte Meneer/Mevrou

…….

Xxxx

……

Xxxx

By voorbaat dank
(*Jou naam*)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022